DIE IVP SE PLEGTIGE ONDERNEMING VAN EER, DIENS EN LEWERING VIR PLAASLIKE BESTURE

"Gee mag aan die mense"

Hierdie slagspreuk was nog altyd die hoeksteen van die IVP se filosofie dat mense self hul lewens op grondvlak tot die maksimum moet regeer en dat hulle bemagtig moet word om dit te kan doen. Dit is dan ook waarom plaaslike bestuursake, munisipale demokrasie, munisipale funksies en munisipale instellings so belangrik is.

Kiesers het sedert 1994 gaandeweg ontnugter geraak met 'n regeerstelsel wat eenvoudig nie genoeg vir die meerderheid baie arm mense gedoen het nie. Diegene wat wel gebaat het, was hulle wat goeie politieke verbintenisse gehad het.

Voeg daarby die groeiende korrupsie, endemiese onbevoegdheid, vloer-oorstappery en sommige politici se onversadigbare najaag van eie-belang en dan is dit maklik om te verstaan waarom gewone mense soms voel dit help nie veel om te stem nie.

Plaaslike bestuursverkiesings is egter die metode om dit alles te verander. As jy die mag in jou hande wil terugkry, is dit van wesenlike belang om te stem vir betroubare plaaslike kandidate wat in die gemeenskap goed bekend en gerespekteer is.

Die IVP is daartoe verbind om jou belange te dien deur te fokus op toewyding, diens, dienslewering en deelnemende plaaslike regering. In daardie lig bied ons ons plegtige onderneming van eer, diens en lewering aan u -

'n Plegtige onderneming van Eer

- Om getrou aan hierdie Plegtige Onderneming te bly
- Om die beloftes wat ons in ons manifeste maak, na te kom
- Om nie na enige ander politieke party oor te stap tydens die oorstaptydperk nie
- Om vry van korrupsie te wees en om korrupsie te voorkom
- Om 'n ope, insluitende en deelnemende regering te verseker
- Om die gemeenskap tot die beste van ons vermoëns te dien en alle middelle tot ons beskikking daarvoor aan te wend
- Om ons op so 'n wyse te gedra – beide professioneel en persoonlik – dat ons optrede altyd bo kritiek verhewe is.

'n Plegtige ondernemning van Diens

- Om ywerig in ons gemeenskap en in die Raad te werk
- Om die behoeftes van die gemeenskap te dien
- Om deurentyd ons deure oop te hou vir die mense van die gemeenskap
- Om aktief aan Raadsvergaderings en Gemeenskaps-vergaderings deel te neem
- Om die gemeenskap se wil in alle Raadsvergaderings te opper
- Om gereeld aan die gemeenskap te rapporteer oor verwikkelinge in die Raad en oor kwessies wat die lewens van die mense raak

'n Plegtige onderneming van Lewering

- Om ontwikkeling in die gebied wat verteenwoordig word, voorop te stel asook ontwikkeling in die gemeenskap in die algemeen
- Om verligting te bring vir die mees kwesbare mense van ons gemeenskap, insluitende bejaardes, die jeug en hulle wat deur HIV/VIGS geraak word
- Om armoede-verligting te bevorder
- Om die lewering van basiese dienste te verseker, soos water, elektrisiteit, paaie, sanitasie ensovoorts.
- Om die skepping van werksgeleenthede te bevorder

- Om toegang deur die gemeenskap tot regeringsdienste te vergemaklik
- Om die verkyging van beurse, pensioene en ander hulpmiddele te vergemaklik en moontlik te maak vir kinders, bejaardes en gestremdes.

Die IVP onderneem self plegtig
'n Plegtige Onderneming wat nie nagekom word nie, is waardeloos. Die IVP is gevolglik daartoe verbind om te verseker dat sy verteenwoordigers, synde kandidate en verkose Raadslede, hierdie Plegtige Onderneming eer. Gevolglik onderneem die IVP self plegtig -

- Om 'n moniterings-meganisme daar te stel wat sal verseker dat alle IVP-Raadslede die Plegtige Onderneming eer
- Om alle klagtes van korrupsie teen IVP-Raadslede te ondersoek wat skriftelik aan die volgende adres gerig word: Die IVP se Politieke Oorsigkomitee, posbus 4432, DURBAN 4000, of wat u kan faks na 031 307-4964.
- Om vinnig en beslissend op te tree waar enige IVP-Raadslid aan korrupsie skuldig bevind sou word
- Om 'n vroeë waarskuwingstelsel te skep wat identifiseer watter Rade nie doeltreffend funksioneer nie
- Om IVP-Raadslede wat nie Raadsvergaderings en Gemeenskaps-vergaderings bywoon nie, af te dank.
- Om IVP-Raadslede wat nie hul gemeenskappe dien nie, af te dank
- Om te verseker dat die gehalte van IVP-kandidate aan die hoogste standaarde voldoen

Die tyd is NOU
Dit is NOU die tyd om na vore te kom. Dit is NOU die tyd om alarm te maak oor die regering se gebrek aan optrede, sy ondoeltreffendheid en korrupsie. Moenie self 'n slagoffer van die stelsel word nie: Verander eerder die stelsel na 'n stelsel wat JY verkies.

"Kies iets beter vir almal: Stem vir die IVP"